higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede vraestel)
NKR VLAK 3

3 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN:

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat.

2. Inhoud word met 'n ✓ aangedui en word volgens die gegewe situasie nagesien.

3. Formaat word met X aangedui en word negatief tot op die aangeduide maksimum nagesien.

4. Gebruik die rubriek by elke vraag vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans is of dele van opdragte uit vraestelle net so oorgeskryf is, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	**SIMBOOL**	**BESKRYWING**
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo-aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

NEERSKRYF VAN PUNTE:

VOORBEELD

I	**=**	**INHOUD:**	**Punt uit 8:**	**I**	**= 8**
F	**=**	**FORMAAT:**	**Punt uit 5:**	**F**	**= 3**
T/S	**=**	**TAAL EN STYL:**	**Punt uit 7:**	**T/S**	**= 4**
					15/20

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
8	**5**	**7**	**20**
8	3	4	15

ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

VOORBEELD

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon	Jan Berendse **X**	**Datum van ongeluk**	13 Junie 2022 **X**	(2)
Hoedanigheid	NCV vlak 3-student of student **X**	**Tyd van ongeluk**	11:00 Enige toepaslike tyd **X**	(2)
Afdeling /Departemente	Vlak 3-student OF Ingenieurswese OF Sakestudies **X**	**Plek van ongeluk**	Kollegesaal **×**	(2)
Beskrywing van ongeluk	Die komitee het op 13 Junie die saal vir die loopbaanuitstalling begin voorberei.✓✓ Die tema is “Loopbane vir môre”✓✓ en daar gaan 35 uitstallers met stalletjies wees.✓✓ Die staaltafels was agter die verhoog gestoor✓✓ en die studente moes dit na die stalletjies toe dra.✓✓ Jan het twee tafels gelyk gedra en het by die verhoogtrappe afgeval.✓✓ Jan het sy kop teen die trappe gestamp en✓✓ in hierdie proses ’n sny bo sy linkeroog opgedoen wat gebloei het.✓✓ Hy het aanmekaar gekla dat hy nie sy regtervoet kan beweeg nie✓✓ en daar is vermoed dat sy enkel gebreek is.✓✓ Een van die meisies het by hom gesit en drukking op die wond toegepas.✓✓ Die voorsitter het dadelik die kampushoof gaan roep✓✓ en die ambulans gebel.✓✓			(26)
Resultate van mediese ondersoek	Die ambulans het Jan na die naaste hospitaal vervoer.✓ By sy aankoms is hy ondersoek;✓ daar is X-strale van sy regtervoet geneem✓ en hy het twee steke in die wond bokant sy oog gekry.✓ Die X-strale het gewys sy regterenkel gebreek is✓ en die dokter het sy been gespalk en gips aangesit.✓ Jan is ontslaan, maar is vir 2 dae met siekverlof.✓			(7)
Naam van opsteller	Eie naam en van **X**	**Pos/rang/amp van opsteller**	Sekretaris **X**	(2)
Handtekening van opsteller	Handtekening **X**	**Datum**	Datum binne 2 dae na ongeluk **X**	(2)

✓ DUI INHOUD AAN
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD

- 2 punte per inhoudsfeit word vir inligting verskaf wat met ’n ✓ aangedui is. (Behalwe EEN punt vir sekere feite by “Beskrywing van ongeluk” asook by “Resultate van mediese ondersoek”.)
- ✓ Inhoud moet in volsinne geskryf en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- ✓ 150 tot 250 woorde.

FORMAAT

- × Met (X) aangedui.
- × Penaliseer vir elke fout -1 tot ’n maksimum van 10 punte.
- × Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word NIE aanvaar nie.

TAAL EN STYL

- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 33**
F	**= Formaat (X)**	**punt uit 10**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 7**
		50

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
33	**10**	**7**	**50**
16	8	4	28

I	**= 16**
F	**= 8**
T/S	**= 4**
Tot.	**28/50**

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** en lees maklik. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks **GRAMMATIKAAL** swak met verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie gepas vir die doel van die teks, lesers en konteks nie. Die swak woordeskat veroorsaak dat die lese begin sukkel om die skryfstuk te verstaan. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.

Kopiereg voorbehou

	2 **Swak** **(30–39%)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** baie swak en teks is moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 **Baie swak** **(0–29%)**	**INHOUD** wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** vereis ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[50]

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

VOORBEELD

X (Hoofletters) VORDERINGSVERSLAG OOR LOOPBAANUITSTALLING SOOS BEPLAN VIR 16 JUNIE 2022✓✓ (Vir bewoording: ENIGE TOEPASLIKE OPSKRIF)

X AGTERGROND

Ek is verheug om u in kennis te stel dat die reëlings vir die loopbaanuitstalling wat vanaf 08:00✓ op 16 Junie 2022✓ in die Kollegesaal✓ aangebied gaan word, baie goed verloop.✓

X DOEL

Die doel van die verslag is om aan te dui watter take reeds voltooi is,✓✓ waarmee die komitee tans besig is en watter take nog afgehandel moet word.✓✓

X TAKE WAT REEDS VOLTOOI IS (ENIGE TWEE TOEPASLIKE TAKE)

✓✓ Die plakkate vir die loopbaanuitstalling is reeds gedruk.

✓✓ Die kwotasies vir die kospakkies is reeds ingewin.

X TAKE WAARMEE TANS BESIG IS (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

✓✓ Die uitnodigings aan die personeel is tans by die drukkers.

✓✓ Die komitee wag kwotasies vir die kragopwekker in.

✓✓ Die saal se vloere word tans gewas.

X TAKE WAARAAN NOG AANDAG GESKENK MOET WORD (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

✓✓ Die reëlings met die verkeersdepartement wat die parkeerreëlings behartig, moet nog getref word.

✓✓ Die plaaslike koerant moet nog ’n uitnodiging ontvang.

✓✓ Die toespraak vir die opening moet nog geskryf word.

X GEVOLGTREKKING

✓✓ Evaluering van die situasie, bv. uit hierdie verslag sal u opmerk dat alles tot op datum glad verloop en dat daar geen probleme met die reëlings vir die loopbaanuitstalling is nie.✓✓ Indien u van enige probleme bewus is, sal dit gaaf wees indien u die komitee kan inlig.

X HANDTEKENING VAN STUDENT

INHOUD:
- 2 punte OF 1 punt per inhoudsfeit word vir inligting wat met ‘n ✓ aangedui word, toegeken.
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- 150 tot 250 woorde.

FORMAAT:
- × Met X aangedui.
- × Merk negatief tot op ’n maksimum van 8.
- × Foute word met × op die antwoordstel aangedui.

TAAL EN STYL:
- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL

	Uitnemend 80% +	Meriete 70–79%	Substansieel 60–69%	Bevredigend 50–59%	Gemiddeld 40–49%	Elementêr 30–39%	Nie bereik nie 0–29%
Taal en styl (12)	**10–12** Toon KRITIESE TAALBEWUSTHEID. Effektiewe gebruik van TAAL EN PUNKTUASIE. Figuurlike taal effektief gebruik. WOORDKEUSE toepaslik/ uitmuntend. STYL, TOON EN REGISTER is uiters gepas. Verslag feitlik foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**8½–9½** Toon KRITIESE TAALBEWUSTHEID. Korrekte gebruik van TAAL EN PUNKTUASIE. Kan figuurlike taal in korrekte konteks gebruik. Variasie in WOORD-KEUSE en woorde word korrek gebruik. STYL, TOON EN REGISTER is toepaslik vir die onderwerp. Verslag meestal foutloos na PROEFLEES EN REDIGE-RING.	**7½–8** Daar is bewyse van KRITIESE TAALBEWUST-HEID. TAAL EN PUNKTUASIE meestal korrek. WOORDKEUSE is gepas. STYL, TOON EN REGISTER is meestal toepaslik. Verslag oor die algemeen foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**6–7** 'n Aanduiding van KRITIESE TAALBEWUSTHEID. TAAL baie eenvoudig en PUNKTUASIE voldoende. WOORDKEUSE voldoende. STYL, TOON EN REGISTER oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. Verslag het steeds foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	**5–5½** Beperkte KRITIESE TAALBEWUSTHEID. TAAL gewoon en PUNKTUASIE dikwels foutief. WOORDKEUSE basies. STYL, TOON EN REGISTER toon gebrekkige samehang. Verslag het steeds baie foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	**4** Geen KRITIESE TAALBEWUSTHEID nie. Gebrekkige TAAL EN PUNKTUASIE. WOORDKEUSE beperk. STYL, TOON EN REGISTER gebrekkig. Verslag is besaai met foute t.s.v. PROEFLEES EN REDIGERING.	**0–3½** Geen KRITIESE TAALBEWUSTHEID nie. Ernstige gebrek aan TAAL EN PUNKTUASIE. WOORDKEUSE ontoepaslik. STYL, TOON EN REGISTER baie gebrekkig. Verslag is besaai met foute en verwarrend t.s.v. PROEFLEES EN REDIGERING.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL
NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= 20**
F	**= 4**
T/S	**= 7**
Tot.	**31/50**

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
30	**8**	**12**	**50**
20	4	7	31

I	**= Inhoud**	**punt uit 30**
F	**= Formaat**	**punt uit 8**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 12**
		50

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK (120–150 woorde)

VRAAG 3: VEGADERINGS: KENNISGEWING EN AGENDA

VOORBEELD

KENNISGEWING VAN KOMITEEVERGADERING✓

Neem kennis van ’n komiteevergadering✓ wat op Maandag✓ 2 Junie 2022✓ om 09:00✓ in die Kollegesaal sal plaasvind.✓

Die Uwe

STUDENT SE NAAM✓
SEKRETARIS✓

AGENDA✓

1. Bywoningsregister
2. Verskonings
3. Opening en verwelkoming
4. Notule van vorige vergadering✓
5. Sake uit die notule✓
   5.1 Druk van plakkate✓
   5.2 Uitnodiging aan prinsipaal om opening waar te neem✓
6. Nuwe Sake✓
   6.1 Parkeerreëlings vir besoekers✓
   6.2 Voorbereiding van kospakkies✓ **[20]**

6.3 Noodplan vir beurtkrag✓
7. Algemeen✓
8. Datum van volgende vergadering✓
9. Afsluiting✓

EN

VRAAG 4: NOTULE

4.1 Bywoningsregister
4.2 Verskonings
4.3 Notule van vorige vergadering
4.4 Voorsteller
4.5 Druk van plakkate
4.6 Nuwe sake
4.7 Algemeen
4.8 Datum vir volgende vergadering
4.9 Afsluiting
4.10 Voorsitter

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

VOORBEELD

X Aan: Mnr. L. Baloyi X Van: Kaptein X. Ntene
X Firma: Verkeersdepartement X Tel.: 082 222 6644
X Datum: 12 Junie 2022 X Tyd: 10:00
X **Boodskap:** Verkeersreëlings vir loopbaanuitstalling: 16 Junie 2022 (OF SOORTGELYK)
✓ Hulle is opgewonde om aan die loopbaanuitstalling deel te neem.
✓ Hy en sy personeel wil graag die parkeerterrein op 13 Junie 2022 kom besoek.✓
✓ Hy wil ook weet of hulle toegangskaartjies by die hek sal ontvang.
✓ Hulle gaan alreeds die oggend om 05:00 aan diens.
✓ Hulle sal op terrein bly tot alle besoekers en voertuie vertrek het.✓
✓ Hy vra die naam van ’n kontakpersoon wat hulle tydens die dag kan kontak indien probleme opduik.✓
✓ Hy vra dat u hom voor twee-uur moet terugskakel.

X Geneem deur: _STUDENT SE NAAM EN VAN

INHOUD

Punte word toegeken vir inligting verskaf. Die aangeduide inligting moet ingesluit wees.

FORMAAT

× Word met ’n X aangedui.

- Elke aspek verdien ’n punt tot ’n totaal van 4 = 4.

TAAL EN STYL

- Gepaste styl, toon en register.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 10**
F	**= Formaat**	**punt uit 4= 4**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 6**
		20

OF

I	**= 10**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**15/20**

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
10	**4**	**6**	**20**
10	1	4	15

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6** **Baie goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Geen foute t.o.v. spelling nie Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	4–5 **Goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Min foute met spelling Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas Uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	2–3 **Gemiddeld**	Taalgebruik is gemiddeld Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies Lomp woord- en sinskonstruksie kom dikwels voor Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie Dwaal soms van onderwerp af Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoon nie Slaag tog om, ten spyte van foute, die inhoud verstaanbaar oor te dra Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed
	1 **Swak**	Taalgebruik is swak Sukkel met basiese woord- en sinstrukture Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik Woordeskatkennis is skraal met baie betekenisfoute Gebruik Engelse woorde Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees

[20]

OF

VRAAG 6: TYDSKRIFADVERTENSIE

VOORBEELD

KOM BESOEK LOOPBAAN-UITSTALLING! ✓

Loopbane vir môre! … (tema✓)

Wanneer: hele dag op 16 Junie 2022 **Waar: In die kollegesaal**

Gratis loopbaanvoorligting
Elke besoeker ontvang 'n kospakkie
(ENIGE 2 redes wat studente sal motiveer om dit by te woon✓✓)
Verwys kortliks na die DRIE aktiwiteite✓✓✓ (bv. gelukkige trekkings, ens.)

Vir navrae kontak Jasmine Beukes by 087 444 5555

INHOUD

Punte word toegeken vir inligting wat verskaf is. Die volgende inligting ingesluit word:
✓✓ TWEE redes om studente aan te moedig om te kom bywoon.
✓✓✓ Kortlikse verwysing na DRIE aktiwiteite.
✓ Verwys na tema van die uitstalling
✓ Opskrif
✓ Plek en datum
✓ Kontakpersoon met kontakbesonderhede

FORMAAT

- × Raampie
- × Gepaste posisionering van teks: genoeg wit spasie.
- × Verskillende lettertipes.
- × A4-grootte.
- × Toepassing van ABBA-beginsel.
- × Sien negatief na met -1 per fout/weglating tot ’n maksimum van 4.

TAAL EN STYL

- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 9**
F	**= Formaat**	**punt uit 4**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 7**
		20

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
9	**4**	**7**	**20**
6	1	4	15

I	**= 6**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**11/20**

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar só saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie gepas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.

	2 **Swak** **(30–39%)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 **Baie swak** **(0–29%)**	**INHOUD** wemel van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** vereis ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou